# Geen battery

Beth en Margie, twee tiener susters, het hulle inkopies terdeë geniet in die groot nuwe inkopie sentrum. Maar teen die tyd toe hulle die kompleks verlaat was dit reeds donker. Terwyl hulle by die kompleks uitgang staan kan hulle skaars die buitelyn van hul motor uitmaak, wat die enigste voertuig is wat oor is, in die swak verligte parkeer area.

Die meisies was baie senuweeagtig terwyl hulle wag in die hoop dat daar ander kliënte sal kom saam met wie hulle kan aanstap na hul motor toe. Hulle onthou hul vader se waarskuwing, "Moet nie te laat kom nie!" Margie verskuif die pakkies onder haar arm en stoot die glasdeure oop en loop so vinnig sy kan na die motor. Beth is kort op haar hakke en kyk die heeltyd of hulle agtervolg word. Hulle het dit gemaak!

Beth sluit die motordeur oop en leun oor om vir Margie die deur oop te sluit. Net toe hoor hulle die geluid van mense wat agter hulle aangehardloop kom. Margie kyk om en sien twee baie verdagte mans aangehardloop kom na hul motor.

"Julle gaan nêrens heen nie!" skree die een. Margie gil. Verskrik spring sy in die motor en sluit die deure, net betyds. Met bewende vingers kry Beth die sleutel in die motor se aansit skakelaar en draai maar niks gebeur nie. Sy probeer weer en steeds gebeur daar niks nie. Die enigste klank wat hulle hoor is die geklik van die sleutel in 'n doodse stilte.

"Beth, probeer weer!" gil Margie beangs. Die mans trek en beur aan die deur handvatsels en druk teen die vensters. "Dit wil nie aanskakel nie!" huil Beth. Die meisies het geweet hulle het net 'n paar sekondes van veiligheid tot hul beskikking.

Vinnig, vat hulle mekaar se hande in gebed. "Dierbare God," pleit Margie, "skenk aan ons 'n wonderwerk in die naam van Jesus!" Weereens probeer Beth die sleutel draai. Die keer brul die enjin vol lewe. Sy sit die motor in rat en jaag uit die parkeer area terwyl die mans hulle agterna kyk.

Die meisies het die heelpad huistoe gehuil, geskok en verlig om ongedeerd daarvan af te gekom het. Hulle los die motor buite voor die motorhuis terwyl hulle in die veiligheid van hul huis invlug en hul vader alles vertel wat gebeur het. Hy hou hulle altwee styf vas terwyl hy hulle troos en sê "Julle is veilig en dis die belangrikste ding."

"Dit is tog baie snaaks want die motor het nog nooit gesukkel om aan te skakel nie. Ek sal môre daarna kyk."

Vroeg die volgende oggend maak die vader die motor se enjin kap oop om na die aansitter te kyk. Met die inspeksie van die masjien besef hy verstom Wie het sy dogters gisteraand veilig huistoe gebring want daar was geen battery in die motor gewees nie.